

Donderdag 3 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 3:7-13

Fokusgedeelte: Openbaring 3:10

Is geloofsuitlewing maklik?

Dit is duidelik dat dit nie so maklik gegaan het in Filadelfia om die Woord te bewaar nie. Die gemeente moes die Woord verkondig en suiwer hou onder swaar vervolging.

Die Here het 'n aantal mense uit die sinagoge van Satan onder hulle ingestuur - valse lidmate in hulle kerk. Sekeres wat hulle uitgegee het vir Jode, maar al die tyd gelieg het. Hulle wou net in die kerk inkom om die Christene te kom vervolg.

Waar staan ek en jy? Is jy deel van die kerk omdat jy 'n ware gelowige is? Of is jy soos die mense wat in Filadelfia voorgegee het dat hulle Jode was, maar net die ander mense se geloof verswaar het?

Wat moet 'n gelowige nou doen as hy in die noute beland? Hoor die genade! God vertel van oorwinning. 'n Gelowige moet net voortgaan om reg te lewe en hy moet sorg dat hy in die kollig van God se genade bly wat oor hom skyn. Ons moet nie ter wille van ander mense ons beginsels prysgee nie. Die Bybel sê ons moenie die Here verloën nie. Die slegte mense in die kerk sal self nog voor die ware gelowiges neerval en erken dat die Here hulle liefgehad het (vs 9).

Veral ons wat in die eindtyd lewe, het 'n groot verantwoordelikheid. Ons beleef nog nie werklik vervolging nie, maar volgens die profesieë in die Bybel is dit moontlik dat ons in ernstige gevaar kan beland en moontlik selfs doodgemaak kan word vir ons geloof. Ons beleef al die voorlopers daarvan, want daar is al hoe meer terreine in ons lewe waar ons die Naam van die Here baie versigtig moet gebruik as ons nie konflik wil veroorsaak nie.

Dit is verkeerd om ter wille van aansien of selfbeskerming weg te skram van die "Woord van my lydsaamheid" soos die Here sy evangelie hier noem. Die oomblik wanneer ons ons beginsels prysgee, verloën ons die Naam van God, en dan verval ons in die sonde waarteen die gemeente van Filadelfia staande kon bly.

Sing: Psalm 25-1:2

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)